# Wennerwoorde
# 1 van 2025

Elke kind is 'n wenner
#wenner

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Ons verwelkom elke Laerskool Secunda gesin terug. Ons hoop dat die feestyd en die tydjie saam met u kind besonders was. Mag 2025 vir elkeen 'n geseënde jaar wees en mag ons dankbaar en doelgerig leef.

Dit is 'n nuwe jaar met nuwe geleenthede wat ons pad kruis. Laat ons elke dag voluit lewe en dankbaar wees vir genadegawes en talente. Laat ons hande vat en net die beste vir ons kosbaarste besittings, ons leerders, verseker.

## Personeelsake

Dit is met groot vreugde dat ons die nuwe personeel by ons skool verwelkom:

- Juf. Christel Blomerus-Nel by graad 3.
- Juf. Melissa van der Westhuizen by graad 3.
- Juf. Cherazaan van Zyl by graad RR.
- Juf. Marthie Mitchell by graad 1.
- Juf. Florah ons kleuterskool assistent.
- Mev. Anneli Long en Mev. Charleen Grové wat by ons administratiewe kantoor aansluit.
- Juf. Philia Jansen as aflos by ons Afrikaanse departement in Juf. Elaine se kraamverlof.
- Juf.Sanet Louw as aflos by Gr RR in Juf. Melinda se kraamverlof.

Ons verwelkom ook vir juffrou Elmi Fouche terug en prys die Here dat sy weer by ons skoolfamilie kan aansluit.

Baie welkom aan al die wennerpersoneel. Ons weet julle gaan baie vreugde vind

## Nuwe L/S Secunda leerders

'n Spesiale welkom aan al ons nuwe Laerskool Secunda maats en ouers wat vir die eerste keer by ons aansluit. U is nou deel van die Laerskool Secunda familie waar ons werklik vir mekaar omgee. Mag u elkeen spoedig tuis voel.

## Vakansiedae in kwartaal 1

| | | |
|---|---|---|
| Vrydag | 21 Maart | Menseregtedag |

Die skool sal op Donderdag, 20 Maart 2025 om 12:00 sluit vir die langnaweek.

## BELANGRIKE REËLINGS VIR ALLE LEERLINGE EN OUERS RAKENDE DIE EERSTE SKOOLDAG: 15 JANUARIE 2025

**GRAAD 1**: Vergader om 7:30 in die saal

**GRAAD R**: Vergader om 8:00 in die saal

**GRAAD RR:** Vergader om 7:30 in die MC-Rall Sentrum

**GRAAD RRR:** Vergader om 7:30 in hulle klasse

**NUWE GRAAD 2-7 EN LSOB LEERDERS**: Vergader om 7:30 in die personeelkamer

Al die bogenoemde leerders mag deur hulle ouers vergesel word. Indien u nie saam met u kind kan agterbly nie mag hul, met hul tasse, na hulle verskeie klasse gaan waar elkeen se juffrou hom/haar sal ontvang.

**GRAAD 2-7 EN LSOB LEERDERS WAT REEDS INGESKRYF IS EN BEKEND IS MET DIE SKOOL:**

Al die leerders plaas hul tasse by die vorige jaar se klasse en gaan wag op die pawiljoen waar hul in hul nuwe klasse ingedeel sal word.

(Gewone ure 6:50 – 7:30

## OUER INLIGTINGSAANDE

Ons ouer inligtingsaande vir graad RRR-7 vind plaas op die volgende datums vanaf 18:00 – 19:00.

**Graad RRR-3: 20 Januarie 2025**

- Gr. RRR – Gr. R – Saal
- Gr. 1-3 – Klasse

**Graad 4: 21 Januarie 2025**

- Saal

**Graad 5: 22 Januarie 2025**

- Saal

**Graad 6-7: 23 Januarie 2025**

- Gr. 6 – MC Rall-sentrum
- Gr. 7 – Saal (ouers en leerders)



# SKOOLURE

| | |
|---|---|
| **Graad RRR tot R**<br>15 Januarie – 31 Januarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 12:30<br>Vanaf 3 Februarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:00<br><br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** | **Graad 1**<br>15 Januarie – 31 Januarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 12:30<br>Vanaf 3 Februarie 2025<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20<br><br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** |
| **Graad 2, 3 en LSOB**<br>Maandag tot Vrydag: 7:30 – 13:20<br><br>**Wagklasse is beskikbaar tot 13:30** | **Graad 4-7**<br>Maandag tot Vrydag: 07:30 – 13:30 |

Leerders in Graad RRR – 1 kan in die oggende tot by hul klasse vergesel word (enige tyd vanaf 6:50 tot 7:30), en weer in die middae by hul klasse afgehaal word.

# Laerskool Secunda dagboek

Elke leerder vanaf graad 1 tot 7 ontvang 'n Laerskool Secunda dagboek. U moet asb. elke dag saam met u kind deur die dagboek gaan. Teken asb die dagboek waar van toepassing en gee die inligting deur soos aangedui. (kontaknommers, ouer inligting, gedragskode ens.)

Ons doen 'n beroep op u as ouers om tyd te neem om, saam met u kind, hierdie dagboek deur te gaan. Die dagboek bevat waardevolle inligting met betrekking tot elke aspek van die skool.

# Kontakbesonderhede van die skool

Neem asseblief kennis dat die e-posadres van die skool verander het. Al die opgedateerde kontakbesonderhede van die skool word hieronder verskaf vir u kennis:

**E-posadresse:**

| | | |
|---|---|---|
| Sekretaresse | Charleen Grové | algemeen@secundalaer.co.za |
| Toelatings | Anneli Long | info@secundalaer.co.za |
| Debiteure | Nadia van Eeden | nadia@secundalaer.co.za |
| Finansies | Wilmarie du Plessis | fin@secundalaer.co.za |
| Bemarking | Minnelize Whitlock | skakel@secundalaer.co.za |

**Telefoonnommer:**

017 634 7612

Indien u enige navrae het, moenie huiwer om ons te kontak nie.

# ATLETIEKSEISOEN

Ons is opgewonde oor die 2025 atletiekseisoen en glo dat dit ‘n opwindende en geseënde seisoen gaan wees.

Hier is die altetiekdatums vir die komende seisoen:

| | |
|---|---|
| 29 Januarie | Hoëveldgroep |
| 31 Januarie | Laerskool Standerton |
| 7 Februarie | Zone Wes |
| 8 Februarie | Skole Top 10 |
| 12 Februarie | Hoëveldrif Wes |
| 15 Februarie | GMM |
| 22 Februarie | Gert Sibande |
| 8 Maart | MUSSA |
| 20-22 Maart | SA’s |

Atletiekdrag is ‘n noodsaaklikheid vir die leerders wat gaan deelneem aan byeenkomste, en dit is beskikbaar by die skool en kan aangekoop word by tannie Vera. Moet asseblief nie huiwer om die skool te kontak om ‘n stel aan te skaf nie.

Ons wil ook graag ons nuwe leerders wat nie aan ons Bokkesport in 2024 deelgeneem het nie, aanmoedig om by die oefensessies aan te sluit en hul potensiaal te toon. Sien die oefentye in ons herhalende aktiwiteitsrooster aangeheg in die omsendbrief vir meer inligting.

Let daarop dat alle atlete wat deelneem aan byeenkomste moet aanmeld by ons spanbestuurder by ons Laerskool Secunda gazebo. Dit is belangrik om vooraf aan te meld om die nodige inligting te ontvang.

Ons sal verdere inligting rakende elke atletiekbyeenkoms uitstuur voor die betrokke byeenkoms.

Ons sien uit na die seisoen en waardeer u ondersteuning.

# Nasorgsentrum

By ons nasorgsentrum bied ons die volgende:

- Verrykings- en vakansieprogramme wat ‘n verskeidenheid aktiwiteite bied.
- Die bestuur van individuele buitemuurse programme vir elke leerder
- Individuele aandag met huiswerk/probleemareas tydens en na studietye.
- Toegang tot alle buitemuurse aktiwiteite op die skoolterrein.
- ‘n Veilige speelterrein.
- Geleenthede vir leerders om hulle volle potensiaal te bereik.

Indien u enige nasorgnavrae het, kan u ons gerus kontak by nasorg@secundalaer.co.za



SKOOLKAS

**Open 6 Januarie 2025**

**Maandae- Vrydae**
**10:00- 18:00**
**&**
**Saterdae**
**09:00- 12:00**

**Unit F3**
**19 Danie Theron straat**
**Secunda**
(Oorkant Grip & Rip Fitness)

## Eerste skooldagfoto's

Op Dinsdag, 21 Januarie 2025, word ons graad 1's se eerste skooldagfoto's geneem. Die leerders moet asseblief netjiese somerskooldrag aantrek en skoene.

Die klokluiseremonie sal ook Dinsdag plaasvind.  Die foto's wat geneem word sal beskikbaar wees op 'n skakel wat aan u deurgegee sal word.

**EENRIGTING VERKEER**

ONS HANDHAAF 'N EENRIGTING IN RISSIKSTRAAT VANAF DIE HERVORMDE KERK

soggens vanaf 06:50 tot 08:00

en

smiddae vanaf 13:00 tot 13:45



# Herhalende Aktiwiteitsrooster – Kwartaal 1

| | | |
|---|---|---|
| **MAANDAG**<br>13:30 - 14:00 Trompoppies gr RRR-R<br>13:30 - 14:00 Trompoppies juniors & seniors<br>14:00 - 15:00 Atletiek<br>13:30 - 14:30 Redenaars<br>15:30 - 16:00 Dans Level 2<br>16:00 - 16:30 Dans Level 3 - 5<br>Rugby:<br>20/1 – 13/2: (0.9 – 1ste) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.9 – 0.11) 13:30 – 15:00<br>(1ste) 15:00 – 17:00<br>vanaf 5/3: pumaki rugby 17:00 – 18:00<br>Netbal:<br>20/1 – 13/2: (0.10 – 0.13) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.10 – 0.11) 14:00 – 15:00<br>(0.12 – 0.13) 15:00 – 16:30<br>(mini-netbal) 13:30 – 14:15 | **DINSDAG**<br>13:45 - 14:45 Atletiek<br>14:00 - 14:30 Dans Level 1 Gr 6 & 7<br>14:30 - 15:00 Dans Level 1 Gr 1, 2, 3<br>14:30 - 15:00 Middelafstande (kry voorkeur)<br>15:00 - 15:30 Dans Level 1 Gr 4 & 5<br>16:00 - 17:00 Fietsry XCO<br>Rugby:<br>20/1 – 13/2: (0.9 – 1ste) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.9 – 0.11) 13:30 – 15:00<br>(1ste) 15:00 – 17:00<br>Netbal:<br>20/1 – 13/2: (0.10 – 0.13) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.10 – 0.11) 13:30 – 15:00<br>(0.12 – 0.13) 15:00 – 16:30<br>(mini-netbal) 13:30 – 14:15 | **WOENSDAG**<br>13:30 - 14:15 Mini landsdiens Gr RRR-R<br>13:45 - 14:15 Koor juniors<br>13:30 - 14:30 Koor seniors<br>14:30 - 15:30 Landsdiens juniors & seniors<br>14:30 - 15:30 Redenaars<br><br>vanaf 5/3: pumaki rugby 17:00 – 18:00 |
| **DONDERDAG**<br>13:45 - 14:45 Atletiek<br>14:00 - 14:30 Dans Level 1 Gr 6 & 7<br>14:30 - 15:00 Dans Level 1 Gr 1, 2, 3<br>14:30 - 15:00 Middelafstande (kry voorkeur)<br>15:00 - 15:30 Dans Level 1 Gr 4 & 5<br>16:00 - 17:00 Fietsry XCO<br>Rugby:<br>20/1 – 13/2: (0.9 – 1ste) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.9 – 0.11) 13:30 – 15:00<br>(1ste) 15:00 – 17:00<br>Netbal:<br>20/1 – 13/2: (0.10 – 0.13) 15:15 – 16:15<br>vanaf 17/2: (0.10 – 0.11) 13:30 – 15:00<br>(0.12 – 0.13) 15:00 – 16:30<br>(mini-netbal) 13:30 – 14:15 | **1STE OEFENING:**<br>**Kultuur:**<br>Redenaars - 27/01<br>Trompoppies - 27/01<br>Koor - 4/02<br><br>**Sport:**<br>Atletiek – 20/01<br>Netbal – 20/01<br>Mini netbal – 17/02<br>Rugby – 20/01<br>Pumaki-rugby – 5/03<br>Fietsry XCO – 25/02<br>Dans – 20/01 | |

Uiteensetting van onderrig- en nasorggelde vir 2025:

| SKOOLGELDE | PER MAAND | MAANDE | PER JAAR |
|---|---|---|---|
| Gr. RRR tot R | R1 830 | 11 Maande | R20 130 pj |
| Gr. 1 tot 7 | R1 635 | 11 Maande | R17 985 pj |

| NASORGGELDE | PER MAAND | MAANDE | PER JAAR |
|---|---|---|---|
| Gr. RRR tot 7 | R600 | 11 Maande | R6 600 pj |

U eerste rekening is aan u gestuur in die eerste week van Januarie 2025. Onthou asseblief dat die onderrig- en nasorggelde vooruitbetaalbaar is. Indien u nie u rekening ontvang nie, kontak asseblief die finansiële kantoor of stuur 'n epos aan nadia@secundalaer.co.za / fin@secundalaer.co.za

Bankbesonderhede:

LAERSKOOL SECUNDA

ABSA

REK NR: 01012121462

TAKKODE: 632005

VERWYSING: *soos op u skoolfondsrekening*

Indien u enige verdere vrae het, skakel ons gerus op die verskeie platforms wat vir u beskikbaar is. Ons sien daarna uit om 'n lang en gunstige verhouding met u te bou en om die pad na sukses, saam met u en u kleinwenner, aan te pak.

Vriendelike groete

MNR. J. BOTHMA
HOOF